GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

HANDELINGE

VAN DIE SEWE-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE IN POTCHEFSTROOM OP 10 JANUARIE 2000 EN VOLGENDE DAE

1. AMPTELIKE OPENING

1.1 *Opening*: Roepende Kerkraad (Art.1)

Die Voorsitter van die Roepende Kerkraad, ds. H.S. Coetzee, open die vergadering deur Ps. 103:1 en 2 te laat sing, Matt. 5 te lees, 'n gepaste woord uit hierdie gedeelte te spreek, daarna voor te gaan in gebed en af te sluit met die sing van Ps. 66:1 en 7.

1.2 *Verwelkoming* (Art.2)

Namens die Roepende Kerkraad word al die broeders hartlik in Potchefstroom verwelkom. Alle emeriti, professore en besoekers word ook verwelkom.

Die skielike afsterwe van ds. P.J.W.S. van der Westhuizen word gemeld. 'n Mosie in die verband sal later ter tafel geneem word. Dr. P.P. Kruger word gelukgewens met sy beroeping as professor in Ou Testament aan die Teologiese Skool.

1.3 *Konstituering* (Art.3)

1.3.1 Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Part. Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig:

Partikuliere Sinode Namibië

Predikante	**Ouderlinge/Diakens**
Ds. R.J.P. du Plessis	Oudl. J.P. Esterhuyse
Ds. M.P. Fourie	Oudl. P.I. Labuschagne
Dr. W.C. Opperman	Oudl. J.M. Jooste
Ds. H.W. Schutte	Oudl. A.J. du Plooy
Ds. J.H. Grobler (Sek.)	Diak. M.C. Duvenhage (Sek.)
Ds. P.J. Venter	Oudl. W.L. Viljoen (Sek.)

Partikuliere Sinode Noord-Transvaal

Predikante	**Ouderlinge**
Ds. P.J.L. du Plessis	Oudl. W.J. Cilliers
Ds. S.J.M.S. Smit	Oudl. L.H. Verhoef (Sek.)
Dr. J.L. Venter	Oudl. A. Hibbert
Ds. L.D. Aucamp (Sek.)	Oudl. A.J. Roos
Ds. B.C.G. Fourie	Oudl. M.J. du Plessis
Dr. J. le Roux	Oudl. D.J.P. Erasmus
Ds. B.R. Kingma	Oudl. J.J. Hertzog
Ds. J.J. de Kock	Oudl. P.J.P. Kruger
Ds. R.M. van der Merwe	Oudl. W.J. Snyman
Dr. D.G. Breed	Oudl. J.P. Viljoen
Dr. H.G. Stoker	Oudl. Z. de Beer
Dr. N.P. Heystek	Oudl. N.G. Sarkady (Sek.)
Dr. T. van der Walt	Oudl. J. Aucamp (Wapadrant)
Ds. N.W. Ligthelm	Oudl. C.J.H. Steenkamp

Ds. S.A. Cilliers	Oudl. T.P. van Graan
Ds. I.W. Ferreira	Oudl. G.M.M Erasmus

Partikuliere Sinode Noordwes

Predikante	**Ouderlinge**
Dr. A.H. Bogaards	Oudl. A.J. van der Walt (Sek.)
Dr. F.R.P. de Bruyn	Oudl. P.J.A. van Zyl (Sek.)
Ds. J.C. Erasmus	Oudl. S.R. Kruger
Dr. P. Kruger (Sek.)	Oudl. N.J. Ranft
Ds. A.P. Krüger	Oudl. L.A. de Bruyn (Sek.)
Dr. J.L. Ras	Oudl. H.H. Schutte
Ds. A.B. van der Walt	Oudl. B.D.C. Snyman
Ds. J.P.B. van der Walt (Sek.)	Oudl. J.P. van Dyk
Dr. S.J. van der Merwe	Oudl. A.J. Venter
Ds. J.D. Venter	Oudl. G.H.J. Venter

Partikuliere Sinode Oos-Transvaal

Predikante	**Ouderlinge**
Ds. D.J. Bakker	Oudl. C.J.D. van der Linde
Ds. L.H. van Schaik	Oudl. A.D. Goede
Dr. D.J.S. Steyn	Oudl. F.R.P. Schutte
Ds. E.J. Tiemensma	Oudl. J. Mulder
Ds. F.J. van Deventer	Oudl. M.J. van Staden
Ds. H.F. van Wyk	Oudl. J.L. van Vuuren (Sek.)
Ds. D. Laufs	Oudl. C.S.W. Buys
Ds. F.J. du T. Lessing	Oudl. H. Boersema
Ds. P.H. Fick	Oudl. M.A.F. Kruger
Ds. P.J. van der Walt	Oudl. C.L. Botha
Ds. J.H. Cilliers	Oudl. G.C. Verhoef
Ds. J. van Schaik	Oudl. A.T. Dreyer (Sek.)
Ds. C.J.H. Breed	Oudl. F.D. Grobler
Ds. J.P. Bingle	Oudl. L.S. Lessing
Dr. G. Breed	Oudl. A.C. Kendall
Ds. H. Dijkstra	Oudl. L. van der Merwe (Sek.)

Partikuliere Sinode OVS en Natal

Predikante	**Ouderlinge**
Ds. D.J. Malan	Oudl. T.M. Buys
Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)	Oudl. A. Coetzee
Ds. S.P. Venter	Oudl. C.R. Crous
Ds. J.B. du Plessis	Oudl. J.E. Kotze (Sek.)
Ds. F.W. de Wet	Oudl. J.M. Earle
Ds. G.C. Verhoef (Sek.)	Oudl. F.C. Jordaan
Ds. P.A. Coetzee	Oudl. I.J. Knoesen
Ds. D. Lartz	Oudl. J.H. Muller (Afwesig)
Ds. S.D. Snyman	Oudl. C.J. du Plessis (Sek.)
Ds. F.P. Kruger	Oudl. A.J.J. Boshoff (Sek.)
Ds. A.L. Coetzer	Oudl. J.J. Smit
Ds. A.H. Klopper	Oudl. M.G. Smit (Afwesig)
Ds. R.L. Vorster	Oudl. P.J.L. Terblanche
Ds. J.E. Franck	Oudl. H.L. van Rooy

Ds. W. Vogel	Oudl. A.J. van Wyk
Ds. C.A. Jansen	Oudl. D.J.W. Viljoen

Suidelike Partikuliere Sinode

Predikante	**Ouderlinge**
Dr. P.W. Bingle	Oudl. W.D. van der Walt
Dr. F. van der Walt	Oudl. J. Goedhard (Sek.)
Ds. J.L. Myburg	Oudl. J.S. Venter (Afwesig)
Ds. S.F.F. van der Walt	Oudl. H. Nel (Sek.)
Ds. R.G. Aucamp	Oudl. M.F. Reinecke
Dr. A.N. Helberg	Oudl. N.P. Kruger
Ds. P.K. Lourens	Oudl. K.J. van der Berg
Dr. G.C.P. Labuscagne	Oudl. M.J. du Plessis
Ds. T.J. Potgieter	Oudl. J.W. du Plessis
Ds. J.A. Schutte	Oudl. W. Grove
Ds. C.S. Grobler	Oudl. M.J. Hutcheons
Ds. G.S. Kruger	Oudl. .I.J. Lessing
Ds. J.L. van der Schyff	Oudl. C. Lohann
Ds. J. Malan (Sek.)	Oudl. G.J. Swanepoel
Dr. M.J. du Plessis	Oudl. L.S. van der Walt
Ds. J. Lion-Cachet (Sek.)	Oudl. C.J. de Wet

Partikuliere Sinode Wes-Transvaal

Predikante	**Ouderlinge**
Dr. I.L. Bekker	Oudl. J. Jordaan (Sek.)
Ds. L. du P. van der Vyver (Sek.)	Oudl. C.J. Kruger
Dr. C.F.C. Coetzee	Oudl. D.E. Bisschoff
Dr. C.J. Smit	Oudl. W. Grönum
Ds. G.N.V. Botha	Oudl. C.J. Skinner (Sek.)
Dr. A.G.S. Venter	Oudl. N.J. van Deventer
Ds. A.H. Mulder	Oudl. A. Opperman
Ds. H.P.M. van Rhyn	Oudl. A.J. du Plessis
Dr. W.C. Vergeer	Oudl. D.F. du Toit
Dr. S.J. van der Walt	Oudl. M.C. Erasmus
Ds. T.C. de Klerk	Oudl. J.P. Snyman
Ds. G.J. van Wyk	Oudl. P.E. van Zyl
Ds. P. Fanoy	Oudl. K. Wyma
Ds. P.W.A. Mulder	Oudl. C.J.H. Wilsenach
Ds. P. Venter	Oudl. J.C. du Plessis
Ds. J.J. Cloete	Oudl. P.J. Snyman

1.3.2 *Adviseurs*: proff. B.J. de Klerk, A. le R. du Plooy, J.J. Janse van Rensburg, G.J.C. Jordaan, H.F. van Rooy, J.H. van Wyk, C.J.H. Venter, F.P. Viljoen en J.M. Vorster.

1.4 *Verkiesing van Moderamen* (Art.4)

Die Moderamen word per geslote stembriewe soos volg saamgestel:

Voorsitter	Dr. J.L. Ras
Ondervoorsitter	Dr. T. van der Walt
Skriba	Dr. C.J. Smit
Adjunk-skriba	Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)

1.4.1 Die Moderamen (Art.6)

1.4.1.1 Die Moderamen neem hul plekke in.

Dr. J.L. Ras bedank die Roepende Kerkraad vir hulle voorbereiding en vir die hantering van die konstituering. Hy bedank almal vir die vertroue in die lede van die Moderamen gestel en spreek die vertroue uit dat die werk van die Sinode onder leiding van die Heilige Gees sal geskied. Hierna laat hy Ps. 20:1, 2 en 4 sing.

1.4.1.2 Die Voorsitter, dr. J. Ras, rig 'n besondere woord van verwelkoming aan broeders uit die buiteland:

Rev. John Rogers – RCNZ
Rev. Johan Joubert – Ref. Church of Australia (RCA)
Rev. Joshua Seitlheko – Ref. Church of Botswana
Diaken Cg'ase Tchone – Ref. Church of Botswana
Diaken Xgaiga Qhomatcaa – Ref. Church of Botswana
Ds. Hendrik du Plessis – Ref. Church of Botswana

Ook aan emerituspredikante en professore, broeders uit Sinode Soutpansberg, die Direkteur van die Administratiewe Buro en personeel en verteenwoordigers van die pers.

Welkom aan die kosters, Hugo du Plessis en Louwrens Nel.

1.5 *Openlike Verklaring* (Art.7)

Die Ondervoorsitter, dr. T. van der Walt, lees die openlike verklaring voor en al die Deputate betoon hulle instemming deur op te staan.

1.6 *Godsdiensoefening en Groete* (Art.18)

Prof. J.L. Helberg lei die erediens en bedien die Woord uit Psalm 1.

Die Voorsitter, dr. J.L. Ras, rig 'n woord van dank namens die Sinode aan prof. Helberg.

Die volgende groeteboodskappe word gelewer:

- Ds. Nic Bezuidenhout – van die NG Kerk, nadat hy deur ds. B.C.G. Fourie voorgestel is.
- Ds. O.T. Serobatse – van die Sinode Middellande, nadat hy deur dr. S.J. van der Merwe voorgestel is.
- Prof. C.J. Reinecke, as Rektor van die PU vir CHO, namens die Universiteit, nadat hy deur dr. T. van der Walt aan die woord gestel is.
- Prof. A. le R. du Plooy, as Rektor van die Teologiese Skool, nadat hy deur dr. T. van der Walt aan die woord gestel is.

Die Voorsitter, dr. J.L. Ras, verdaag die openingsgeleentheid deur Ps. 9:7,9 en 10 te laat sing.

2. AFGEVAARDIGDES ANDER KERKE/SINODES, GROETE, ENS

2.1 *Groeteboodskappe*

2.1.1 GROETEBOODSKAP TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

Die jaar 2000 is uiteraard 'n besondere jaar, en vir ons as kerke wat in Sinode saam is, is hierdie oorgangstyd na 'n nuwe millennium ook 'n tyd van herinnering, van dankbaarheid en van gebed met die oog op die toekoms.

Ons herinner ons die gebeure 'n eeu gelede toe ons land en volk in 'n oorlog gewikkel was met Groot Brittanje, toe die Teologiese Skool gesluit moes word, toe studente en leermeesters gevange geneem is, studente gesneuwel het en mense en kerke gehawend anderkant uitgekom het. Daar moes in die jaar 1900 ook weer 'n Sinode gewees het na die een van 1897. As gevolg van omstandighede is die volgende een eers in 1904 gehou, in Middelburg (Kaapkolonie) toe die besluit geneem is om die Skool na Potchefstroom te verskuif.

Die Teologiese Skool was destyds vir die kerke 'n besondere kleinood. Selfs die Staatspresident, S.J.P. Kruger, het na die oorlog 'n bedrag van 750 pond aan die Teologiese Skool geskenk. In terme van die waarde van die geld en van verhoudinge was dit 'n buitengewoon groot bydrae! Uit die ou Handelinge

van Sinodes by die vorige eeuwisseling blyk dit dat die kerke besonderlik geïnspireer en vasbeslote was om hulle roeping in diens van die koninkryk uit te oefen. Die teenslae het hul as 't ware sterker gemaak.

Ons is dankbaar vir die voorbidding en steun van al die kerke waarsonder ons nie ons werksaamhede en verpligtinge sou kon doen nie. Ons getuig graag dat die Kuratorium met nougesetheid en liefde na die belange van die Skool omgesien het. Die wonderlike gees, volgehoue werkywer en steun van die professore en administratiewe personeel het dit 'n vreugde gemaak om aan die Skool betrokke te kon wees en met die pragtige groep studente te kon werk.

Benewens die band met die kerke in wie se diens ons is, is daar ook die band met die PU vir CHO. Graag betuig ons ons dank en waardering vir die besondere verhouding en daadwerklike steun van die kant van die Universiteit – veral wanneer in ag geneem word dat die Onderwys as sodanig baie nuwe eise aan inrigtings stel.

Ons bid die kerke in Sinode die seën van die Here toe. Mag ons die toekoms met entoesiasme, geloofsmoed en vertroue tegemoet gaan, die uitdagings van ons tyd aanvaar en 'n besliste bydrae lewer in belang van die kerk, die samelewing en die koninkryk van God. Ons kan dit doen omdat ons lewe vanuit die ryke beloftes van God in Christus: dat Hy met ons is en dat die poorte van die doderyk nooit die kerk sal oorweldig nie.

Rektor: Prof. A. le R. du Plooy.

2.1.2 GROETEBOODSKAP VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Verandering en vernuwing is hoog op die agenda van elke kerklike vergadering. Realiteite van ons dag dwing ons om daaraan aandag te gee. Tye van verandering bring verwarring en onsekerheid. In sulke omstandighede reageer mense tipies deur of krampagtig vas te hou aan dit wat in die verlede sekuriteit gebied het, of deur ongekwalifiseerd alles wat as vernuwing aangebied word, aan te gryp. Beide hierdie reaksies hou op die lang duur vir die kerk groot gevare in. Om tussen hierdie uiterstes 'n weg te vind, is die uitdaging waarmee elke kerklike regeervergadering gekonfronteer word.

As kerke wat binne die tradisie van die Reformatoriese Teologie ons identiteit vind, is 'n voortdurende proses van hervorming en verandering deel van ons selfverstaan en kerkwees. Hierdie hervormingsproses word egter gekwalifiseer as 'n gehoorsame terugvra na die Woord. Dit is ons opgawe!

Namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is ons bede dat u onder die leiding van sy Gees, deur die Woord gerig mag word om, vernuwend en eietyds, die wesenlike van ons diens aan God tot uitdrukking te laat kom.

Voorsitter: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: Prof. T.F.J. Dreyer.

2.1.3 GROETEBOODSKAP VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Dis werklik 'n voorreg om in hierdie besondere tye aan u die hartlikste groete en seënbede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor te dra. Dit word beslis nie gedoen as 'n blote formaliteit of hoflikheidsgebaar nie, maar in die deeglike besef dat ons in noue solidariteit met mekaar kerk van die Here is in dié bepaalde tyd en in hierdie besondere deel van Afrika. Hierdie solidariteit is nie alleen 'n gegewendheid vanuit die feit dat ons deur die geloof in Jesus Christus almal kinders van God is nie, maar is ook 'n werklikheid as gevolg van die Here se beskikking dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

en die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor baie jare die pad in ‘n besondere sin as susterkerke saam geloop het en deur die genade van die Here hopelik in die toekoms ons roeping in nog nouer verbintenisse met mekaar sal kan nakom.
Ons almal besef dat daar nie so ‘n iets bestaan soos ‘n ”maklike” Sinodesitting nie. Die uitdagings is altyd groot. Tog is dit ook so dat die tyd waarin u vergader besondere eise stel aan die kerk van Jesus Christus.

As ‘n mens dink aan die omgewing waarin die kerk tans, ook wêreldwyd, moet leef en werk, besef jy dat die “kleiner-wordende wêreld”, mens-gesentreerdheid en ‘n sterk verbruikersmentaliteit tot ‘n groot mate die speelveld bepaal waarop die kerk moet beweeg in sy roeping t.o.v. die wêreld. Die moraliteitskrisis wêreldwyd, maar ook in ‘n besondere sin in ons land; die behoefte aan versoening op baie vlakke, in die besonder ook tussen gelowiges; die gevoel van verlamdheid en uitsigloosheid wat by baie mense posgevat het – dit alles bied besondere uitdagings aan die kerk om in so ‘n samelewing die evangelie van Jesus Christus te verkondig en die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees.

Maar ook in die kerk self is daar groot veranderinge wat besondere eise stel aan eietydse kerk-wees. Om maar ‘n paar te noem: die groter mate van diversiteit mb.t. lidmate se lewensoriëntering, leefwyse en geloofsbelewing; die verandering t.o.v. die rol, roeping en standpuntinname van gelowiges noudat hulle nie meer so ‘n verskanste posisie geniet m.b.t. geloofstandpunte nie (dink bv. aan die vroeëre Sondagswetgewing, aborsiewette, wette i.v.m. lotery en dobbelary, ens.); die toenemende behoefte aan ‘n kerk wat, op voetspoor van die Here Jesus Christus, ‘n dienskneggestalte aanneem en op dié manier werklik vrug kan dra tot eer van die Here (vgl. bv. die armoedeprobleem, vigs, werkloosheid, ens.). Daarby kom die dringendheid van die eenheid van gelowiges, met die besef dat verdeeldheid, verdagmakery en kerklike selfvoldaanheid luukses is wat lankal nie meer bekostig kan word nie.

Ja, werklik, die landskap waarin ons beweeg het baie nuwe dimensies bygekry wat nuwe eise stel aan die kerk van Jesus Christus. En in dit alles deel ons met mekaar die uitdagings en die roeping. Daarom is hierdie Sinode se saak (sake) ook ons s’n en as dit met u goed gaan, gaan dit ook met ons goed.

In ons harte leef die vaste wete dat die GKSA nog altyd sy roepingsvervulling laat bepaal het deur die eer van God, die koninkryk van God en die Woord en wil van God. Daarin is u vir baie mede-gelowiges tot inspirasie en voorbeeld. Daarom kan ons u ook niks beter gee nie as die versekering dat ons ernstig bid dat, in ooreenstemming met die eerste drie bedes van die Onse Vader, deur hierdie Sinode die Naam van ons hemelse Vader geheilig sal word, sy koninkryk al kom en sy wil sal geskied.

Mag die Here u in dié proses ryklik seën.

Ds. Nick Bezuidenhout (NG Kerk Goudkop, Klerksdorp)

2.1.4 GROETEBOODSKAP VAN SINODE SOUTPANSBERG

It is an honour and a privilege indeed to have this time to pass greetings from your brothers from Soutpansberg to your Synod. Synod Soutpansberg is wishing you a very blessed session of your Synod. We are also wishing you a very blessed New Year.

We are aware of the difficult task that is facing this session. Therefore, we assure you of our prayers. We are also observing what is happening here with great interest. Your destiny is our destiny. That is where our interest lies.

Brothers, we would like to remind you again that our society has dramatically changed since 1990. The democratisation of our society has challenged us as churches to contextualise our witness. If we continue dragging our feet, this will neither be in the interest of God's kingdom in South Africa nor to the future of our children. Let us face the new context, in which God is calling us to serve him, with faith and hope. If we face it as a threat, as you seemed to be doing the past nine years, we will be blowing a trumpet of our own death.

Brothers, Synod Soutpansberg is reminding you that, for us, as churches, to work together towards the future, we are humbly requesting your Synod to acknowledge your political and moral participation in the system of racism. Racism has hurt many lives of our members physically and psycologically. It will be enough for us to hear you saying: YOU ARE SORRY. We are eagerly waiting for the day that we can embrace each other as brothers, who are to share the common future.

Church unity is another matter that we want to raise with you. This issue was discussed for decades in our major assemblies. We hope, this Synod will decide that our spiritual unity should also be concretised in the geographical restructuring of our major assemblies. Your decision, on this issue, will be a millennium gift to Synod Soutpansberg, and to all who love God's church in South Africa. We want to make it clear to you that we will never accept any model that will entrench apartheid in any form. Model based on geography is scriptural and church orderly. Your members are also eagerly waiting for a direction in this regard.
In all matters that you have to take decisions, decide as those who are eager for God's truth. In the end, be able to say: WE AND THE HOLY SPIRIT SAY SO.

May our gracious God be with you.

Rev. A.E. Liphadzi.

2.1.5 GROETEBOODSKAP VAN SINODE MIDDELLANDE

Geliefdes, in ons Here Jesus Christus, ek is gevra om in die plek van ds. Sehoole van Temba-Hammanskraal, die groete van Sinode Middellande oor te dra. Dit is nog moeiliker as wat dit klink, want ons is mos ook deel van hierdie Kerk in Suid-Afrika. Ons is mos nie buitestaanders van die GKSA nie. Ja, deur sendingwerk is Sinode Middellande afkomstig van hierdie Sinode. Sinode Middellande is onderskeie, maar nie geskei van die GKSA nie. As gevolg, hoe sê jy nou groete aan jouself ook?

Geliefdes, u sal sekerlik met my saamstem as ek sê, niks kan gebeur of laat gebeur (soos hierdie uitnodiging) sonder rede, oorsaak, sonder doel, sonder die gevolg daarna, en uiteindelik sonder 'n effek op iets of op iemand nie. Dis iets feitlik en geskiedkundig. Om iemand uit te nooi vir groete, bedoel niks meer as om te sê: Ek sal jou aanvaar, ek sal jou verwelkom, jy sal by my vry wees, niks sal jou pla nie – daar sal geen struikelblok tussen u en ek wees nie.

In Tswana beteken die woord "groet" "Dumela" (= glo of letterlik, volgens die toestand van groet, bedoel dit: Hier is ek, aanvaar my, verwelkom my, wees bly met my!!). Dit is eintlik 'n versoek van verwelkoming. En sodra ek met die antwoord kom en sê: "Agee", dit bedoel: ek aanvaar u, u is welkom, u is saam met my, wees tuis, wees vry met my!! Maar sodra ek met ander gesindheid terug kan antwoord, wat negatief is aan "agee", of net swyg, u gaan sekerlik ongelukkig voel, nie tuis voel nie, nie welkom voel nie, nie vry voel nie en verwerp voel.

Met ander woorde broeders, in beide hierdie aksies van groet en antwoord (albei met 'n positiewe gesindheid) is daar 'n bewys of 'n gevoel van liefde – liefde aanmekaar. Yes, here, a point of cause, point

of aim, point of consequence, and yes lastly, a point of effect on someone is being exposed; out of this invitation and responding to giving of greetings.

Nou, geliefdes, wil ek hier sê: Ons in Sinode Middellande groet u saam met God; wees gegroet in God, ons hemelse Vader.

Nou geliefdes, hartlik Dumelang, in die Naam van Christus; Ons wil met u wees, aanvaar ons, verwelkom ons – ons is een saam met julle – ja saam met julle in alle aspekte van die Kerk – nie alleen hier in die sitting; soos Paulus aan die Korintiërs sê: Daar is verskeidenheid van gawes en van bedieninge, en van werke, maar dit is een Gees, een Here en een God wat alles in almal werk.

Broeders, by hierdie onderlinge bewys of uitdrukking van liefde, mag dit nie iets wees wat mondeling alleen gebeur nie, maar iets tot praktyk, iets tot uitoefening kom. Om so te beweeg, dan is ons besig om die Kerk van die Here te bou.

Paulus sê aan Timoteus: Wees 'n voorbeeld (wees voorbeeldig) – "be exemplary" – Nma Sekao – Laat ander mense, laat die wêreld jou aanskou en hoor – aan hulle wat glo, in Woord, in wandel, in liefde, in Gees, in geloof en in reinheid. Laat die liefdelike positiewe konsekwensie en effek op ander Sinodes gesien word.

Sodra ons nie voorbeeldig wees nie, aan alles wat ons hier liefdelik bespreek en besluit, dan is ons besig met die ander hand die muur van die Kerk wat ons bou, afbreek!

Broeders, ons het julle lief, omdat God ons daartoe sterk maak en bekwaam gemaak het – en omdat die liefde van Christus ons dring.

Ons bid julle die ryke seën van God toe, op al die verrigtinge van hierdie vergadering, saam met wysheid en krag, en eensgesindheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

Ds. O.T. Serobatse.

2.1.6 GROETEBOODSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKEN VRIJGEMAAKT NEDERLAND

Geagte broeders

Wij groeten u hartelijk in de naam van de Here Jezus Christus. Hij die gisteren en vandaag dezelfde is en tot in eeuwigheid (Hebreën 13:8) moge zijn kerk ook in het nieuwe millennium bewaren. Namens de Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) wensen we u Gods zegen toe op uw werk als Synode. We hopen dat u goede beraadslagingen mag hebben en dat uw besluiten dienstbaar mogen zijn aan de voortgang van Gods werk in deze wereld.

In dat werk willen we graag schouder aan schouder met u staan. Al vele jaren herkennen wij uw kerken als kerken van de Here Jezus Christus. U kerken en de onze staan op hetzelfde fundament. Samen willen we in deze wereld het evangelie uitdragen. Daarom zoeken we al jaren naar nauwere contacten met u. We willen de eenheid die er is in leer, dienst en tucht ook zo graag daadwerkelijk beleven (Efeziërs 4:3). Te denken valt aan de ICRC – de internationale conferentie van gereformeerde kerken – en aan de zendingswerk dat gedaan wordt in Afrika. Daarom betreuren we dat er telkens weer hindernissen lijken te zijn die onze samenwerking verstoren.

We denken niet gelijk over de relatie met die Nederlands Gereformeerde Kerken. We hebben uw deputaten op de hoogte gesteld van de besluiten die onze generale Synode moest nemen. Laten we samen zoeken naar openingen in dat contact. We hopen dat u ons daarbij in onze intenties herkent, zoals wij u in de uwe.
We betreuren dat u gesprek met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika maar niet op gang wilt komen. Ons is er veel aan gelegen dat u elkaar in Zuid-Afrika vindt, zodat ook wij samen verder kunnen komen.

Over deze zaken hebben in Juli 1999 in Utrecht een goed gesprek gehad met uw deputaten Smit en Van Wyk. We hopen dat u als Synode met ons wilt nadenken over de volgende stap. Hoe kunnen wij de eenheid die er is, daadwerkelijke gestalte geven – en daarbij volledig recht doen aan de andere partijen die betrokken zijn, die NGK (N) en de VKGSA?

Nogmaals wensen we u Gods zegen toe op u synodewerk.

Dr. J.A. Boersema, Algemeen Secretaris
Ds.T. de Boer, Voorsitter sectie IV.

2.1.7 Greetings from the Free Church in Southern Africa to the 47th Synod of the Gereformeerde Kerke meeting in Potchefstroom, 10-01-2000

To the Moderator, moderamen and members of the Synod

Greetings to you in the Name of our Lord Jesus Christ

We, ministers, elders and members of the Free Church in Southern Africa hereby send our greetings to you on this occasion of your 47th National Synod.

We treasure our relations with the Gereformeerde Kerk. We do not cease to thank our Lord for your work of faith and labour of love. We are especially grateful for your assistance in the training of our men for the ministry at Dumisani Theological Institute in King Williams Town. To us the year 2000 is one of achievement in the sphere of preparing men for the ministry. For at this year's graduation ceremony the University of Potchefstroom will hopefully, confer the degree of Bachelor of Theology on no less than three Free Church Ministers. This is a milestone for which we are grateful to the Gereformeerde Kerk.

Moderator and brothers in Christ it is our prayer that the words of the Apostle Paul to the Corinthian Church could somehow be a blessing to your Synod at this time. For in 1 Corinthians 15:58 he says, "Therefore, my dear brothers, stand firm. Let nothing move you. Always give yourselves fully to the work of the Lord, because you know that your labour in the Lord is not in vain". The Lord bless, guide and uphold you. May He continue to make you a blessing to many.

2.2 *Afgevaardigdes ander Kerke/Sinodes*

2.2.1 Dr. M.J. du Plessis verwelkom ds. B. de Graaf van die Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland in die midde van die Sinode en stel hom aan die woord en ds. De Graaf rig 'n groeteboodskap tot die Sinode. (Art.64)

2.2.2 Dr. M.J. du Plessis verwelkom verteenwoordigers van die kerke in Australië en Nieuw Zeeland. Hy stel rev. John Rogers van die RCNZ aan die woord en rev. Rogers rig 'n groeteboodskap tot die Sinode. (Art.64)

2.2.3 Dr. M.J. du Plessis verwelkom rev. Bryce Taho van die Free Church of Scotland in South Africa en stel hom aan die woord en ds. Taho rig 'n groeteboodskap tot die Sinode. (Art.64)

2.2.4 Ds. J.L. Myburg verwelkom rev. David Frazer van die Free Church of Scotland in die Sinode en stel hom aan die Woord. Rev. Frazer spreek die Sinode toe. (Art.187)

2.3 *Telegramme* (Artt.153, 213)

Van die volgende is skriftelike seënwense op die werksaamhede ontvang:

Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort wens die Sinode sterkte toe vir sy werksaamhede.

'n Groeteboodskap van seënwense vir die Sinode is ontvang van dr. J. Postma van Nylstroom en van die Kerkraad van die Geref. Kerk Thabazimbi.

2.4 *Mosies en gelukwensinge* (Artt.135, 155, 161, 214, 240)

2.4.1 Geluk- en seënwense aan die volgende:

2.4.2 Die Sinode aanvaar die volgende mosies van meelewing:

1. Die volgende predikante en professore is oorlede en die Sinode betuig staande meegevoel met al die naasbestaandes:

Dr. P.J.J.S. Enslin, dr. W.P. du Plessis, ds. Jan-Louis du Plooy, ds. P.J.W.S. van der Westhuizen, prof. Jan J. van der Walt, prof. P.W. Buys, ds. H.L.M. du Plessis, prof. D.C.S. van der Merwe, prof. I.J. van der Walt, ds. L.A.S. van Wyk, ds. N.J. Malan, dr. J.A. Schutte, ds. E.W. Meyer, ds. G.P. Scheepers, ds. A.J.R. Vermeulen, ds. P.T. Somerai,

2. Meegevoel word betuig met:

Dr. D. Kempff wie se eggenote, Esther, oorlede is, dr. A.N. Helberg wie se eggenote, Idellette, oorlede is, prof. J.C. Coetzee wie se eggenote, Susan, oorlede is, die naasbestaandes van prof. Sampie Simpson wat oorlede is, dr. P.W. Bingle en ds. J.P. Bingle wie se vader, prof. Hansie Bingle, oorlede is, mev. Monica Grové wie se man, dr. Bart Grové, onlangs oorlede is, dr. en mev. Petrus Kruger met die afsterwe van hulle seun, ds. P.J.L. du Plessis van Bergsig wie se broer tragies oorlede is, ds. en mev. G.N.V. Botha met die afsterwe van hulle swaer, di. C.J. van Vuuren en R.J.P. du Plessis wie se skoonmoeder, mev. Julia le Roux, oorlede is, ds. en mev. Jan Coetzee met die tragiese afsterwe van hulle skoonseun, die naasbestaandes van oudl. Danie Malan van Randburg wat oorlede is, dr. T. van der Walt wie se skoonmoeder oorlede is, oudl. L.S. Vorster van Worcester wie se dogter oorlede is. Die vergadering betuig sy meegevoel met die Voorsitter, dr. J.L. Ras, met die afsterwe van sy vader asook sy swaer, br. Greg Aucamp. Meegevoel word betuig met oudl. L.S. van der Walt en sy eggenote met die afsterwe van hulle dogter. Ds. P.J. van der Walt met die afsterwe van sy broer. Ds. J.H. Schutte met die afsterwe van sy vrou Bettie. Ds. en mev. N.J. van der Walt wie se dogter in 'n motorongeluk oorlede is.

3. Die volgende mosies van bemoediging word aanvaar met:

Dr. en mev. N.P. Heystek met die ernstige siekte van hulle kleinkind. Dr. Heystek ondergaan self ook behandeling en word beterskap toegewens. Ds. Chris Hattingh met wie dit beter gaan na sy ernstige siekte.

4. Meelewing word betoon met:

Ds. T. Kruger en gesin van Newcastle wie se vrou ernstig siek is. Ds. M.E. Schalekamp met die siekte van sy vrou, Louisa. Br. Piet van der Kooy met die ernstige siekte van sy vrou. Br. Henk Boersema met die siekte van sy vrou. Ds. J.M. van Tonder, emeritus van Hennenman-Ventersburg kombinasie, wie se toestand sodanig verswak het dat hy in 'n rystoel is. Ds. G.B.C. Bester wie se vrou 'n ernstige operasie ondergaan het. Ds. R.L. Vorster wat in 'n gewapende roof betrokke was. Ds. J.C. Aucamp wat in 'n motorongeluk betrokke was. Die eggenote en gesin van ds. F.J. du Toit Lessing wat 'n ernstige operasie ondergaan het. Meelewing word betoon met die siekte van dr. C.F.C. Coetzee se dogter.

Meelewing met mev. (ds.) L.H. Stavast wat 'n knievervanging ondergaan het. Meelewing met ds. en mev. W. Venter (Boksburg) wat gesondheidsprobleme ondervind. Meelewing met ds. Willie Venter (Bloemfontein) wat aansterk nadat hy in 'n brandongeluk betrokke was. Mev. Magda Liebenberg wat 'n geslaagde operasie ondergaan het om haar gehoor te verbeter. Ds. F.J. du Toit Lessing is uit die hospitaal ontslaan na 'n geslaagde operasie. Gelukwense aan prof. J.J. J. van Rensburg met die toekenning van die Pieter van Drummelin-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat aan hom toegeken is vir sy uitsonderlike bydrae op die gebied van Bybelvertaling en Teologiese Publikasies.

Waardering teenoor prof. J.L. van der Walt van die PU vir CHO vir sy betrokkenheid van bykans 25 jaar as deputaat vir Christelike Onderwys. Gelukwense aan dr. J. le Roux wie se dogter eerskomende

Saterdag in die huwelik tree met ds. Ockert Oosthuizen van Secunda-Oos. Gelukwense aan dr. A.H. Bogaards met die verwerwing van ‘n doktorsgraad. Meelewing met prof. G.P.L. van der Linde wat deur die afgelope drie jaar heelwat verswak het, na die oorlye van sy eggenote.

5. Die volgende broeders word gelukgewens met die verwerwing van doktorsgrade:

Dr. P.J. Vermeulen, dr. J.M. van Tonder (Krugersdorp-Wes), dr. D.M. Nkulu, dr. J. Oostenbrink, dr. A.J. Kruger

6. Gelukwensing word gerig aan:

Sr. Wijmie du Plessis met die verwerwing van ‘n B-Comm-graad (met lof). Oudl. Alwyn du Plessis van Roodepoort wat die sesde agtereenvolgende sitting van die Nasionale Sinode bywoon. Prof. B.J. de Klerk, dr. S.J. van der Walt en ds. R.G. Aucamp wie se seuns elkeen ses onderskeidings in die matriekeksamen behaal het. Proff. B.J. de Klerk en F.P. Viljoen met hulle beroeping en bevestiging as professore aan die Teologiese Skool. Dr. P.P. Kruger wat pas beroep is as professor aan die Teologiese Skool. Die koster van die Sinode, br. Lourens Nel, het gister hulle eersteling laat doop en is ook bevestig as ouderling. Hy word hiermee gelukgewens. Prop. Boeta Erasmus word gelukgewens met die beroep wat hy gister ontvang het na die Geref. Kerk Lyttleton.

Dr. J.L. Ras word gelukgewens met sy verkiesing as Voorsitter van die Kuratorium, ds. P.J. van der Walt as Ondervoorsitter, dr. C.F.C. Coetzee as hulpskriba, dr. D.J.S. Steyn as kassier en dr. J.L. Venter as addissionele lid op die Breë Dagbestuur.

Dr. A.G.S. Venter word gelukgewens met sy verjaarsdag. Prof. C.J.H. Venter met sy herverkiesing as Voorsitter van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Dr. Riaan Rheeder met die verwerwing van sy doktorsgraad.

7. Mosies van waardering word aanvaar ten opsigte van:

Ds. A.Z. Pelser wat die afgelope 24 jaar as deputaat vir Diakonale Sake gedien het. Ds. G.A. Hattingh vir sy jarelange werk by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Prof. H.J.J. Bingle vir sy bydrae tot Christelike Ondewys en vir die mate van gesondheid en goeie lewensomstandighede wat hy steeds ervaar. Die kosbare werk wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika doen.

8. Die volgende mosie word aanvaar ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog:

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betuig weer eens ons diepste afhanklikheid van God Drie-enig as ons in hierdie tyd dink aan honderd jaar gelede toe die Anglo-Boereoorlog vanaf 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 so ‘n geweldige beproewing vir só baie bewoners aan die suidpunt van Afrika teweeg gebring het. Dit het die Here God – wat die lotgevalle van volkere en nasies bestier – behaag om die mense van Suid-Afrika deur hierdie doodsdal te laat gaan op die ou-end tot die beswil van al Sy kinders.

Ons dink opnuut aan die talle lidmate van Gereformeerde Kerke wat onder die agtduisend gesneuweldes Boerekrygers was; asook onder die meer as ses-en-twintigduisend vroue en kinders wat in konsentrasiekampte gesterf het – én onder die ongeveer vyf-en-twintigduisend burgers wat te midde van uitmergelende omstandighede krygsgevangenskap wêreldwyd moes verduur.

Mag hierdie veelbewoë gebeure honderd jaar gelede ons – saam met alle gelowiges hier te lande én wêreldwyd – opnuut die mag en heerlikheid van ons enigste Koning Jesus Christus deur wie God alle dinge regeer, laat sien: Dié Koning wie se ryk gevestig en volkome aan’t kom is ten spyte van oorloë en gerugte van oorloë (vgl. Jesaja 9:6).

Die Sinode betuig sy dank teenoor ons hemelse Vader vir die pragtige reën die afgelope paar dae wat oor groot dele van die land geval het.

- Ds. G.C. Verhoef was vanoggend in ‘n motorongeluk betrokke, maar het deur die genade van die Here ongeskonde daarvan afgekom.
- Die Sinode betuig sy dank dat die operasie van ds. F.J. du Toit Lessing suksesvol afgeloop het.

10. Mosies

Die volgende mosies word gestel:

Mosie aan die Owerheid van die RSA

Die Ondervoorsitter, dr. T. van der Walt, stel die volgende mosie aan die Sinode:

"Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verseker die owerheid van ons voorbidding. In die besonder wil ons President Thabo Mbeki, sy kabinet, en alle streeksowerhede opdra aan die troon van die Drie-Enige God van hemel en aarde.

Dit is ons gebed dat u die wysheid ontvang om u taak so uit te voer

- dat rus en vrede 'n kenmerk van ons mooi land mag wees;
- dat geweld en misdaad met alle mag teëgestaan word;
- dat armoede drasties verlig en ruim werksgeleenthede geskep mag word, en
- dat alle Christene in ons land onbelemmerd hulle lewe in gehoorsaamheid en toewyding aan die Drie-Enige God kan lei.

Terselfdertyd versoek die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika u ernstig om

- so leiding te gee dat alles gedoen mag word om veral minderheidsgroepe so te akkommodeer dat individue, groepe en volkere dit nie sal beleef dat hul waardes, taal en lewenswyse bedreig word nie;
- u te beywer dat elke landsburger op meriete gelyke geleenthede vir enige betrekking sal hê, en
- dat geweld en misdaad in ons land – moorde, inbrake, verkragtings, motorkapings en dergelyke – met al die mag tot u beskikking bestry sal word deur onder meer effektiewe polisiëring, onpartydige regspraak en toepaslike strawwe.

In die lig van Romeine 13 (en ander Skrifgedeeltes) roep ons alle lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – en trouens alle Christene – op om u te sien as 'n dienaar in die hand van God om sy Raadsplan te verwesenlik. Ons bid dat mede deur u regering die Koninkryk van God ook in ons land toenemend in sy heerlikheid mag kom. Hierin wil ons graag van harte met u meewerk."

3. DAGSLUITINGS

3.1 Dagsluiting, Maandag 10 Januarie 2000 (Art.22)
Oudl. Willie Snyman sluit af deur Skrifberyming 28b te laat sing en 'n gebed te doen.

3.2 Dagsluiting, Dinsdag 11 Januarie 2000 (Art.50)
Oudl. I.J. Lessing lat Skrifberyming 33:1 en 3 sing en doen daarna 'n gebed.

3.3 Dagsluiting, Woendag 12 Januarie 2000 (Art.77)
Ds. G.B.C. Bester sluit af deur Ps 33 te lees, Ps 8:1 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.4 Dagsluiting, Donderdag 13 Januarie 2000 (Art.9)
Ds. A.L. Coetzer sluit die dag af deur te lees uit Filip 4:4-9, te laat sing uit Ps 2:6 en voor te gaan in gebed.

3.5 Dagsluiting, Vrydag 14 Januarie 2000

3.6 Dagsluiting, Saterdag 15 Januarie 2000 (Art.150)
Oudl. H. Boersema sluti die dag af deur te laat sing uit Ps 66:1, 2 en gaan voor in gebed.

3.7 Dagsluiting, Maandag 17 Januarie 2000 (Art.181)
Oudl. A.J. van Wyk sluit die verrigtinge van die dag deur Ps 18:14, 15 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.8 Dagsluiting, Dinsdag 18 Januarie 2000 (Art.208)
Ds. P.K. Lourens sluit die dag se verrigtinge af deur Skrifberyming 8:1 en 5 te laat sing en 'n gebed te doen.

3.9 Dagsluiting, Woensdag 19 Januarie 2000 (Art.236)
Oudl. Nic Kruger neem die dagsluiting waar deur Ps 147:1 en 7 te laat sing en ‘n gebed te doen.

4. DAGOPENINGE

4.1 Dagopening, 11 Januarie 2000 (Art.23)
Ds. L.D. Aucamp open deur te lees uit Jes 41 en te laat sing uit Skrifberyming 50:1, 5, 6 en 7.

4.2 Dagopening, Woensdag 12 Januarie 2000 (Art.51)
Ds. R.J.P. du Plessis neem die dagopening waar. Hy verwys in die besonder na ds. P.J.W.S. van der Westhuizen wat vanoggend in Windhoek begrawe word. Hy vermeld die mooi gawes en talente wat die Here aan wyle ds. P.J.W.S. van der Westhuizen gegee het.
Ds. R.J.P. du Plessis lees uit Ps 90 en verwys na die nietigheid van die mens en van die ewigheid van God. Ons troos is dat hulle wat in Christus sterwe deel het aan God se ewige raadsplan. Die gebed van die Sinode is dat die Here sy eggenote, kinders en familie ryklik sal troos.
Hy laat daarna sing van Ps 84:3, 4 en 6 en doen ‘n gebed.

4.3 Dagopening, Donderdag 13 Januarie 2000 (Art.78)
Oudl. S.R. Kruger lees uit Rom 12, laat sing Ps 36:2 en doen ‘n gebed.

4.4 Dagopening, Vrydag 14 Januarie 2000 (Art.90)
Oudl. A.J. du Plessis neem die dagopening in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord waar deur Skrifberyming 49:1, 6 en 7 te laat sing, Joh 15:1-0 te lees, ‘n gebed te doen en weer Ps 33:1 te laat sing, laasgenoemde volgens die nuwe beryming.
Die Sinode kry geleentheid om, onder leiding van ds. A.H. Mulder en mev. Annatjie Verhoef (orreliste), enkele van die Psalms met die nuwe berymings en melodieë te sing, waarna die verrigtinge weer in die Sinodesaal voortgesit word.

4.5 Dagopening, Saterdag 15 Januarie 2000 (Art.132)
Dr. F. van der Walt open deur te lees uit Ps 24, te laat sing uit Ps 98:1 en 3 en gaan voor in gebed.

4.6 Dagopening, Maandag 17 Januarie 2000 (Art.151)
Ds. J.C. Erasmus open deur Ps 5 te lees, Ps 9:1, 7 en 10 te laat sing en ‘n gebed te doen.

4.7 Dagopening, Dinsdag 18 Januarie 2000 (Art.182)
Oudl. P.I. Labuschagne open die verrigtinge deur Gal 2:15-21 te lees en Skrifberyming 28 te laat sing as gebed.

4.8 Dagopening, Woensdag 19 Januarie 2000 (Art.209)
Ds. A.L. Coetzer neem die opening waar deur uit 1 Kor 13 te lees, Skrifberyming 21:1 en 6 te laat sing en ‘n gebed te doen.

4.9 Dagopening, Donderdag 20 Januarie 2000 (Art.237)
Dr. J.L. Venter neem die opening waar deur 2 Kor 3:1-7 te lees, Ps 45:1, 6 en 16 te laat sing en ‘n gebed te doen.

5. DAAGLIKSE PRESENSIE

5.1 Woensdag 12 Januarie 2000 (Art.52)
Ould. J.M. Earle vir vandag. Oudl. M.C. Snyman is nog op pad uit Natal. Dr. S.J. van der Merwe vir vandag. Oudl. C.J. Kruger vir Vrydag en Saterdag. Oudl. C.J. Wilsenach vir Vrydag. Dr. I.L. Bekker vir Vrydag. Proff. B.J. de Klerk en C.J.H. Venter vir 17-19 Januarie. Br. Daan Erasmus is vir die eerste keer teenwoordig en betuig sy instemming met die Openlike Verklaring. Oudl. Theo Buys en sy vrou was Saterdag 40 jaar getroud en word deur die Voorsitter geluk gewens. Ds. Francois Lessing is weer teenwoordig vandag na sy ongesteldheid gister, maar sal weer verdere mediese toetse vandag ondergaan. Hy word sterkte toegewens.

5.2 Donderdag 13 Januarie 2000 (Art.81)
Die volgende broeders word verskoon: Oudl. J. Jordaan en dr. W.C. Vergeer vir ‘n gedeelte van Vrydag en Saterdagoggend. Oudl. S.R. Kruger vir afwesigheid tydens Donderdagaand en

Vrydagoggend. Oudl. Manie van Rooy vir afwesigheid tydens Donderdagmiddag en Vrydagoggend. Oudl. A.J. van der Walt vir afwesigheid van die verrigtinge vandag.

5.3 Vrydag 14 Januarie 2000 (Artt.100, 106)
Dr. C.F.C. Coetzee betuig sy instemming met die Openlike Verklaring.
Verskoning word aangebied vir Vrydagmiddag, Vrydagaand en Saterdagoggend: Oudl. M.F. Reinecke, ds. A.H. Klopper, oudl. P.J.L. Terblanche, oudl. D.J.W. Viljoen, oudl. A.J.J. Boshoff, ds. N.W. Ligthelm, oudl. N.J. van Deventer, ds. J.D. Venter, oudl. J.W. du Plessis, oudl. P.J.P. Kruger, oudl. C.J.H. de Wet, br. Hannes Vorster, ds. G.N.V. Botha, ds. J. van Schaik.

5.4 Saterdag 15 Januarie 2000 (Art.134)
Die volgende broeders het verskoning gemaak: Dr. N.P. Heystek, di. D. Laufs, I.W. Ferreira, W. Vogel, R.L. Vorster, P. Venter, J.P.B. van der Walt, H.P.M. van Rhyn, oudle. LC. van der Merwe, Chris Botha, J.H. Aucamp, I.J. Knoesen, J.M. Earle. Prof. J.M. Vorster vir 17-19 Januarie.

5.5 Maandag 17 Januarie 2000 (Art.154)
Die volgende verskonings is ontvang: Oudl. N.G. Sarkady – sal vandag laat opdaag, ds. R.J.P. du Plessis – verskoning vir vandag, prof. J.J.J. van Rensburg – afwesigheid vanoggend, oudl. F.C. Jordaan (Part. Sinode OVS en Natal) kon nie die Sinode bywoon nie a.g.v. ‘n operasie van sy vrou.

5.6 Woensdag 19 Januarie 2000 (Art.210)
Proff. J.H. van Wyk en A. le R. du Plooy vir vanoggend, oudl. J.J. Nel vir Vrydag, dr. W.C. Opperman, ds. J.H. Grobler en oudl. A.J. du Plooy vanaf Donderdagoggend.

5.7 Donderdag 20 Januarie 2000 (Art.238)
Die volgende broeders bied verskoning aan vir afwesigheid later vandag: ds. D. Laufs en oudl. W.J. Snyman.

6. BESOEKERS (Artt.97, 100, 182)

6.1 Ds. P.C. Kruger (emeritus) word in die Sinode verwelkom

6.2 Br. Lukas Venter, ‘n broeder uit Lusaka, word in die Sinode verwelkom.

6.3 Dr. en mev. J.M. Gerber van Bethlehem, ds. L.S.D. du Plessis en oudl. Willie Smit van Ficksburg.

7. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE (Artt.183, 211)

7.1 Die Notule word deur die Skriba gestel en dit word tot by art.96 goedgekeur.

7.2 Die Skriba stel die Notule en dit word goedgekeur tot art.144.

7.3 Die res van die Notule word vir verwys na die Moderamen.

8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art.8)

A. Ds. H.S. Coetzee stel die Rapport.

B. RAPPORT

Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 2000.

1. Oproep

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (19 Mei 1999) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes gestuur is.

2. Kredensiebriewe

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

3. Huisvesting

Die Universiteitskoshuise, Vergeet-my-nie en Wag-’n-bietjie, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Die afgevaardigdes kan volgens keuse saam met ‘n kamermaat geplaas word. Die

eetsaal van Voorhuis word deur die afgevaardigdes gebruik en daar is voorsiening gemaak vir nie-koshuisinwoners om teen vasgestelde tariewe ook in die koshuis te eet. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.
Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Sondagaand 9 Januarie tot Vrydag 21 Januarie 2000.

4. Verversings

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

5. Godsdiensoefening

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (10 Januarie 2000) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord en prof. J.L. Helberg (emeritusprofessor van die Teologiese Skool), sal in die Evangelieverkondiging en gebed voorgaan.

Besluit: Van punte 1-5 is kennis geneem.

6. Sittingstye

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae: 08:00 – 10:30
10:45 – 12:45
14:30 – 16:00
16:15 – 17:45
19:00 – 21:00
Saterdag: 08:00 – 10:30
10:45 – 12:45

Besluit: Goedgekeur.

7. Verwelkoming

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

Besluit: Met dank kennis geneem.

C. AANVULLENDE RAPPORT

1. Kredensiebriewe

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Besluit: Goedgekeur.

Die Voorsitter bedank ds. H.S. Coetzee en die Roepende Kerkraad vir die puik reëlings wat getref is.

9. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE KORRESPONDENSIE VAN DIE AGENDA (Art.9)

A. Br. H.S.J. Vorster stel die Rapport.

B. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1991:60, 5.4 en Acta 1997:37, 3.3.12.2.

1.1 Uitnodiging aan kerke, instansies, Sinodes om groete oor te bring
1.2 Uitnodigings te rig om afgevaardigdes te stuur
1.3 Uitnodiging te rig om waarnemers te stuur
1.4 Stukke vir die Agenda te ontvang, te orden, persklaar te maak, te laat druk en aan die afgevaardigdes te stuur
1.5 Die vergadering byeen te roep om die programmering van die Agenda te doen
1.6 SAPA en CNW van die Sinodesitting in kennis te stel
1.7 *Benoeming van Deputate*
1.7.1 Verwittig benoemde Deputate van die Sinode van die benoeming
1.7.2 Benoem Deputate waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen
1.8 Tref reëlings dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word
1.9 Gaan die Handelinge van die Nasionale Sinode 1997 deur en gee die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur. Die Deputate moet ook die kredensiebrief, soos gereël in Sinode 1991, in orde kry
1.10 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling
1.11 Registrasie van huweliksbevestigers uit ander Nasionale Sinodes deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom
1.12 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Uitnodiging na die Sinode*
2.1.1 Om groete oor te bring: Die Sinodes Middellande en Soutpansberg, NG Kerk, NH Kerk, Teologiese Skool Potchefstroom en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is uitgenooi na die amptelike opening - 10 Januarie 2000 om 19:00.
2.1.2 Om afgevaardigdes te stuur
Aan die volgende is uitnodigings gerig:
- Die Gereformeerde Sinodes: Middellande en Soutpansberg (twee afgevaardigdes)
- Free Church of SA (een afgevaardigde)
- Christelijke Gereformeerde Kerke in Nederland
- Nederlands Gereformeerde Kerken
- Free Church of Scotland
- The Presbyterian Church in Korea
- The Reformed Church in Japan
- Reformed Churches of Australia
- Reformed Churches of New Zealand
- Christian Reformed Church in North America

2.1.3 Om waarnemers te stuur
- NG Kerk
- NH Kerk
- Die Vrije Gereformeerde Kerk in SA (een)
- Orthodox Presbyterian Church, VSA
- Lanka Reformed Church

2.2 *Stukke vir die Agenda*
2.2.1 Die volgende is in kennis gestel van die besonderhede aangaande die oproep na Sinode:
- die Deputate deur die Sinode benoem wat spesifieke opdragte gehad het
- die Kuratorium van die Teologiese Skool

- die Partikuliere Sinodes.

Die volgende inligting is gegee:

2.2.1.1 Keerdatum vir Rapporte
- vir Agenda - 30 Junie 1999.
-vir die Aanvullende Agenda - 19 November 1999.

2.2.1.2 Keerdatum vir stukke van die Partikuliere Sinodes - 3 Desember 1999

2.2.1.3 Inligting oor wat in die Aanvullende Agenda opgeneem mag word (Acta 1967:39, 6 en 7).

2.2.1.4 Riglyne vir die opstel van die Rapporte (Acta 1991:57, 4.4 en 59, 5.3.4).

2.2.2 Kennisgewing in *Die Kerkblad*: Bogenoemde inligting is in *Die Kerkblad* van 19 Mei 1999 gepubliseer.

2.2.3 Die Agenda vir die afgevaardigdes van die Partikuliere Sinodes is direk aan elke Partikuliere Sinode gestuur sodat dit aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel kan word. 'n Agenda is ook aan elke kerkraad gestuur.

2.3 *Benoeming van Deputate deur die Partikuliere Sinodes:* Die Partikuliere Sinodes is versoek om:

2.3.1 Die Deputate vir Programmering te benoem – een uit elke Partikuliere Sinode asook 'n sekundus. Die vergadering vir dié Deputate is bepaal vir Maandag 10 Januarie 1999 om 09:00.

2.3.2 Deputate vir die Pre-adviserende Kommissie vir Finansies: Ook hier moet 'n primus en sekundus benoem word. Dié Deputate (Kommissie) vergader ook 10 Januarie 1999 om 09:00.

2.3.3 Benoeming vir Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte: In terme van die Beskrywingspunt van Part. Sinode Noord-Transvaal (Acta 1991:539/540, 22.19) is die Partikuliere Sinodes ook versoek om een Deputaat te benoem. Hierdie Deputate vergader 10 Januarie 1999 om 09:00.

2.4 *SAPA en CNW*: 'n Persverklaring is opgestel en uitgereik en aan SAPA en CNW gestuur.

2.5 *Persverklaring:* Die Agenda word op versoek beskikbaar gestel met die voorbehoud van kopiereg totdat die saak tydens die Sinode gestel word.

2.6 *Benoeming van Deputate:* Die Deputate het die volgende gedoen:

2.6.1 Al die voorsitters van Deputate soos deur die Sinode aangewys, kennis gegee van die benoemings en ook die opdragte soos by die benoemings aangegee, aan die voorsitters deurgegee.

2.6.2 Benoem Deputate waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen: Geen gevalle het voorgekom nie.

2.7 Tref reëlings dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word.

2.8 Gaan die Handelinge van die Nasionale Sinode 1997 deur en gee die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur: Die opdrag is uitgevoer. Kyk Ongepubliseerde Bylae.

2.10 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling: Die Administratiewe Buro hanteer die saak op 'n deurlopende basis deur nuusberigte aan CNW, Radio Pretoria en NBC te stuur.

2.11 Registrasie van huweliksbevestigers uit ander Nasionale Sinodes deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom: Die opdrag word op 'n deurlopende basis uitgevoer.

2.12 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer. Die opdrag word op 'n deurlopende basis uitgevoer.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Kredensiebriewe - Algemene Sinode: Die Deputate beveel aan dat die Sinode oorweging daaraan skenk om afgevaardiges aan te wys sou daar voor 2003 'n Algemene Sinode plaasvind.

Besluit: Van punte 1 tot 3 is kennis geneem.

4. Finansies

Die Agenda is deur die Administratiewe Buro saamgestel, gedruk en gebind en die koste daarvan teen die begroting vir die Sinodekoste gedebiteer. Om koste bespaar is dit weer in A4- formaat gedupliseer.

Besluit: Goedgekeur.

5. Hantering van Kommissierapporte en Notule

Om die Handelinge maklik saam te stel word versoek dat dieselfde verwysings gebruik word soos wat dit in die Agenda en Aanvullende Agenda aangegee word, bv. Agenda = A, en Aanvullende Agenda = AA. Gestel die Rapport van die Deputate vir Emeritaatsversorging is in die Agenda 12.1, dan sal dit in die AA ook 12.1 wees. Die Kommissie rapporteer en verwys naA12.1 en AA12.1. In die Notule word dan by elke artikel die saak ook so aangegee, nl.:

Artikel 26
A 12.1 Rapport Deputate vir Emeritaatsversorging
AA 12.1 Aanvullende Rapport……..
Besluit: ……...……

Dit sal veroorsaak dat regstellings maklik op die woordverwerker aangebring en die besluite daaroor ingevoeg word. 'n Kronologiese lys van artikels word gegee en 'n indeks saamgestel.

Besluit: Goedgekeur.

C. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Groeteboodskappe ontvang vir die amptelike opening*

1.1.1 Die volgende persone het groeteboodskappe gestuur wat in die Handelinge opgeneem sal word:
- Groeteboodskap van die Rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom
- Groeteboodskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- Groeteboodskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Groeteboodskap van Sinode Soutpansberg
- Groeteboodskap van Sinode Middellande
- Groeteboodskap van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt Nederland

1.2 *Uitnodiging om 'n waarnemer te stuur*

1.2.1 Geen antwoord is van die volgende ontvang nie:
- Die Vrije Gereformeerde Kerk in SA
- Orthodox Presbyterian Church, America
- Free Church of Scotland
- Nederlands Gereformeerde Kerken
- The Presbyterian Church in Korea
- The Reformed Church in Japan
- Lanka Reformed Church

1.3 *Benoemings van Partikuliere Sinode*

1.3.1 <u>Regsdeputate vir Advies insake Appèlle en Beswaarskrifte</u>

Die volgende benoemings is ontvang en aan die voorsitter, ds. F.J. du T. Lessing deurgegee.

Noordwes	Ds. J.P.B. van der Walt
Namibië	Ds. P.J. Venter
Oos-Transvaal	Ds. D. Laufs
Noord-Transvaal	Dr. J.L. Venter

Wes-Transvaal	Dr. C.J. Smit
OVS en Natal	Ds. J.B. du Plessis
Suidelike	Ds. P.K. Lourens

Die ander lede benoem deur Sinode 1997 is di. F.J. du T. Lessing (v), P.A. Coetzee, J.C. Erasmus.

1.3.2 Deputate vir programmering

Noordwes	Dr. J.L. Ras
Namibië	Ds. H.W. Schutte
Oos-Transvaal	Ds. J. van Schaik
Noord-Transvaal	Oudl. W.J. Cilliers
Wes-Transvaal	Dr. C.F.C. Coetzee
OVS en Natal	Ds. A.L. Coetzer
Suidelike	Ds. J.A. Schutte

1.3.3 Pre-advies Kommissie vir Finansies

Noordwes	Dr. S.J. van der Merwe
Namibië	Ds. M.P. Fourie
Oos-Transvaal	Ds. E.J. Tiemensma
Noord-Transvaal	Ds. A. Myburg
Wes-Transvaal	Oudl. D.F. du Toit
OVS en Natal	Ds. D.J. Malan
Suidelike	Oudl. W.D. van der Walt

Die ander lede is: Namens die Bestuur van die Administratiewe Buro: Voorsitter: Dr. J.L. Ras; die Direkteur van die Administratiewe Buro.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Skryfbehoeftes vir die Sinode*

2.1.1 Charta Consulting vir skryfbehoeftemateriaal.
2.1.2 United Litho vir skryfbehoeftemateriaal.
2.1.3 Saambou Bank – donasie ontvang om koste van Agenda te verlig.
2.1.4 Absa Bank – donasie ontvang om koste van Agenda te verlig.

Briewe is aan hierdie instansies gerig om hulle te bedank vir die skenkings.

Besluit: Van die hele Aanvullende Rapport word kennis geneem.

10. RAPPORT VAN DEPUTATE VIR DIE PROGRAMMERING VAN DIE AGENDA

(Artt.10, 125)

A. Ds. L.H. van Schaik stel die Rapport

B. RAPPORT

Die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting op Potchefstroom op 10 Januarie 2000 en volgende dae.

Geagte Voorsitter en Broeders

Die volgende Rapport vir die programmering van die Agenda word aan u voorgelê:

1. Opdrag

U vind die opdrag in die Handelinge Sinode 1979, art.76, D.3.1.5, p.301 – "3.1.5.1. Die Voorsitter van die Deputate vir Korrespondensie, die Ondervoorsitter en Skribas van die vorige Sinode en een lid van elke Partikuliere Sinode moet 'n dag voor die opening van die Sinode die Agenda sorgvuldig deurwerk met die oog op rangskikking, groepering en programmering van die Agenda volgens die aantal werksdae wat vergader moet of kan of mag word. By die opening word die program aan alle Deputate ter hand gestel.

3.1.5.2. Die Deputate in 3.1.5.1 genoem stel voor die opening van die Sinode uit die kredensiebriewe en uit die agendastukke tentatief vas vir welke sake sekerlik, waarskynlik en/of moontlik kommissies benoem sal word, en doen die personeel vir die kommissies aan die hand. Sinvolle reëlings moet getref word sodat die Sinode en sy kommissies op verskillende tye kan vergader".

Die opdragte van Sinode 1991:491-494 en 1994:726-728 is deur u Deputate in hierdie Rapport verwerk .

Programmering: Die Sinodebesluit oor die Deputate vir Programmering soos volg gewysig word: 'n Voorsitter en Skriba (kundige persone) deur die Sinode aangewys word om saam met een Deputaat per Part. Sinode die programmering van die Agenda te doen (Acta 1997:38).

Besluit Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 U Deputate, Di. L.H. van Schaik (v) en D. Lartz (skriba) is deur die Nasionale Sinode 1997 benoem en die afgevaardigdes dr. J.L. Ras (NW), ds. A.L. Coetzer (OVS/N), ds. J. van Schaik (OT) (afwesig), ds. J.A. Schutte (Suidelike), oudl. W.J Cilliers (NT), dr. C.F.C. Coetzee (W-Tvl), en br. H.J.S. Vorster (Admin. Buro - Direkteur) het op 2 Desember 1999 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda te doen.

2.2 Om koste te bespaar is niemand uit Namibië vir dié vergadering opgeroep nie.

2.3 U Deputate het op 10 Januarie 2000 vergader en hierdie Rapport saamgestel.

Besluit Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Ordereëlings*

3.1.1 Die Sinode het 'n **teikendatum** van Woensdag 19 Januarie 2000. Daarom word, vir die deeglike en spoedige behandeling van die werk, die aandag gevestig op 'n besluit van Sinode 1979, art.8, A2.9, p.15 – "Die Moderamen hou vroegtydig vooraf 'n samespreking met die Rapporteurs van Rapporte en die Toeligters van Beskrywingspunte om duidelik onder hulle aandag te bring dat alle sake wat in die Agenda en Aanvullende Agenda gedruk is, as gelees beskou moet word. Die toeligting moet in ooreenstemming wees met die riglyne vir die opstel van Rapporte wat deur die Sinode van 1976 neergelê is".

3.1.2 Die Sinode stel dit as <u>ideaal</u> om:

3.1.2.1 die maksimumtyd vir besluitneming beskikbaar te hê.

3.1.2.2 Die volledige Agenda en Aanvullende Agenda teen 13 Januarie 2000 om 16:00 gestel te hê.

3.1.2.3 In Kommissies te vergader Vrydag 14 Januarie om 8:20 tot 12:45.

3.1.3 Die volgende **werkswyse** moet gevolg word:

3.1.3.1 Alle sake in die Agendas word as gelese beskou, daarom kry rapporteurs en/of toeligters 'n kort geleentheid om 'n saak te stel.

3.1.3.2 Sake wat afgehandel kan word, word volledig bespreek en afgehandel.

3.1.3.3 Oor sake wat na Kommissies verwys gaan word, word 'n kort bespreking of vrae van 2 minute per afgevaardigde toegelaat en beantwoord deur die rapporteur/toeligter.

3.1.3.4 Enige lid van die Sinode wat insette vir bespreking oor 'n saak wil lewer moet dit by die Kommissies doen. Enige Kommissie wat 'n adviseur benodig kan 'n professor nader.

3.1.3.5 Dit word aan die diskresie van die Moderamen en Ordekommissie oorgelaat om reëlings in uitsonderlike sake, bv. Appèlle te tref.

3.1.4 Kommissies:

3.1.4.1 Al die Kommissies vergader Maandagaand 10 Januarie 2000 direk na die sluiting om:

3.1.4.1.1 hulle personeel vas te stel (kyk 3.3.7 van hierdie Rapport).

3.1.4.1.2 hulle opdragte te verken

3.1.4.1.3 hulle vergaderplek te kry (sien 3.3.8 van hierdie Rapport)

3.1.4.1.4 inligting insake opstel en nasien van Kommissierapporte by die Skriba (Ordekommissie) te kry.

3.1.4.2 Kommissies benut elke geleentheid om te vergader, selfs al is sake wat na hulle verwys kan word nog nie gestel nie, en hulle moet so vroeg as moontlik die Aanvullende Agenda bestudeer.

3.1.5 Beswaarskrifte wat die inhoud van Rapporte ens. raak, moet eers afgehandel word voordat die ander sake, (soos Rapporte e.a.) aan die orde kan kom. Kommissies wat Beswaarskrifte behandel, sal binne 2 tot 3 dae moet rapporteer en dit sal in die programmering aangedui word.

3.1.6 Alle sake - Rapporte, Beskrywingspunte, Beswaarskrifte - wat oor 'n bepaalde saak handel, word aan een Kommissie toegewys. So 'n Kommissie kan in subkommissies verdeel en daarom is vir alle Kommissies 'n Skriba en Adjunk-skriba aangewys. Die breë Kommissie moet egter rapporteer. Waar prakties moontlik, moet kommissies gereed maak om so gou as moontlik te rapporteer oor sake wat hulle afgehandel het.

3.1.7 Ter wille van besparing van reiskoste word die voorsitter van die Deputate/Kuratore versoek om toe te sien dat, waar rapporteurs van Rapporte nie afgevaardig is nie, 'n lid van daardie Deputate wat as afgevaardigde teenwoordig is, die Rapport sal toelig.

Besluit Kennis geneem.

3.2 *Spreekbeurte*

3.2.1 Besoekers kry **geen** spreekbeurte nie.

3.2.2 Oor buitelandse besoekers en amptelike waarnemers word aanbeveel dat geleentheid om groete oor te bring of die Sinode toe te spreek aan hulle gegee word wanneer die Rapporte waarby hulle direk belang het, behandel word. Hierdie reëlings word na die Moderamen verwys.

3.2.3.2 Spreekbeurte word aanbeveel vir die volgende:

3.2.3.2.1 Toeligters en rapporteurs wat nie afgevaardig is nie

3.2.3.2.2 Teologiese professore as adviseurs.

3.2.3.2.3 Direkteur van die Admin. Buro.

3.2.3.2.4 Registrateur Teologiese Skool.

3.2.3.2.5 Aktuaris.

3.2.3.2.6 Verteenwoordiger van die Mediese Skema.

3.2.4 By die behandeling van sake wat afgehandel kan word, asook Kommissierapporte, word slegs EEN spreekbeurt van 3-5 minute volgens 'n naamlys per afgevaardigde toegestaan.

3.2.5 'n Sinjaal sal die spreker op 3 en weer op 5 minute waarsku.

Besluit: Goedgekeur. Moontlikheid van spreekbeurte vir emeritusprofessore en –predikante word na die Moderamen verwys.

3.3 *Praktiese ordereëlings*

3.3.1 Die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge word soos volg aangewys: nl. die Skriba en Adjunk-skriba van die Sinode, ds. T.C. de Klerk, br. H.S.J. Vorster en mev. Wymie du Plessis.

3.3.2 Aan die Direkteur van die Admin. Buro/Rekenmeester, Hoof :Administratiewe Beampte, Registrateur TSP en die kosters (studente) word toestemming gegee om in die vergadering te wees wanneer die Sinode in komitee gaan.

3.3.3 Die professore van die Teologiese Skole voeg hulle as adviseurs by die Kommissies waar ingedeel en soos aangevra.

3.3.4 Stembriefies is by elke sitplek beskikbaar. Afgevaardigdes word versoek om asseblief by inhandiging nie die stembriefies te vou nie.

3.3.5 Aan elke afgevaardigde word 'n A5-geel karton beskikbaar gestel vir gebruik by hoofdelike stemming.
3.3.6 Elke lid van 'n Kommissie moet aantekening hou van die sake wat na hulle verwys word.
3.3.7 Waar van toepassing vervang 'n sekundus afgevaardigde die primus-deputaat wanneer laasgenoemde nie beskikbaar is nie.
3.3.8 Kommissies moet hulle streng hou aan die vergaderlokale soos aan hulle toegewys.
3.3.9 Verjaarsdag PU vir CHO en Teologiese Skool Potchefstroom: Dit word aangebied deur die Rektor van die PU in die Alumni-saal op Donderdag 13 Januarie 2000 om 19:00.
3.3.10 Die Herdenking van die Anglo-Boere-oorlog vind plaas op Donderdag 13 Januarie 2000 om 16:00 in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord.
3.3.11 Dat die Voorsitter van die Sinode 'n dankwoord rig aan prof. J.L. Helberg vir die godsdiensoefening en dat dr. T. van der Walt almal bedank wat groete oorbring.
3.3.12 Kommissie vir benoeming van Deputate:
3.3.12.1 Hierdie Kommissie moet met inagneming van vorige Sinodebesluite die aanbevelings van die Bestuur van die Admin. Buro en die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal beoordeel
3.3.12.2 Hulle eie werkswyse bepaal en so gou doenlik aan die Sinode rapporteer vir goedkeuring
3.3.12.3 Waarna die personeel van die verskillende Deputategroepe aan die Sinode aanbeveel word.
3.3.13 Ontvangs van sprekers wat groeteboodskappe bring:
Middellande en Soutpansberg – dr. S.J. van der Merwe.
NG Kerk/NH Kerk – ds. B.C.G. Fourie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Benoeming van Kommissies*

3.4.1 ORDEKOMMISSIE

Opdrag	:	Daaglikse program Kommissie verwysings Nasien van Rapporte Sal ook optree as Telkommissie
Vergaderplek	:	Karlie, 1e vloer
Voorsitter	:	Ondervoorsitter van die Sinode
Skriba	:	Ds. L.H. van Schaik
Adjunk-skriba	:	Ds. D. Lartz
Lede	:	Di. C.A. Jansen, J. van Schaik Oudle. W.J. Cilliers (NT), J.C. du Plessis (W), J.L. van Vuuren (OT), A.J. van Wyk (O-N)

3.4.2 APPèLKOMMISSIE 1

Opdrag	:	A6.1.1, A6.1.5, A6.1.7, A6.1.8
Vergaderplek	:	Prof. A. le R. du Plooy se kantoor
Voorsitter	:	Dr. C.J. Smit
Skriba	:	Ds. J.C. Erasmus
Adjunk-skriba	:	Ds. T.J. Potgieter
Lede	:	Ds. J.J. de Kock Oudle. T.P. van Graan (NT), J.P. Snyman (W), J. Goedhart (S)
Adviseur:	:	Prof. A. le R. du Plooy

3.4.3 APPèLKOMMISSIE 2

Opdrag	:	A6.1.9, A6.1.10, A6.1.13(a), AA6.1.15
Vergaderplek	:	TSP Klaskamer 1
Voorsitter	:	Dr. S.J. van der Merwe

Skriba	:	Ds. J.B. du Plessis
Adjunk-skriba	:	Ds. P. Fanoy
Lede	:	Ds. L. du P. van der Vyver
		Oudle. G.H.J. Venter (N-Wes), M.D. Hutcheons (S), T.M. Buys (O-N)

3.4.4 APPèLKOMMISSIE 3

Opdrag	:	A6.1.4, A6.1.6 (verval) A6.1.11, A6.1.12, A6.1.13(b)
Vergaderplek	:	Prof. J.M. Vorster se kantoor
Voorsitter	:	Ds. P.A. Coetzee
Skriba	:	Ds. J.P.B. van der Walt
Adjunk-skriba	:	Ds. S.F.F. van der Walt
Lede	:	Dr. D.G. Breed
		Oudle. J.J. Hertzog (N), K. Wyman (W), L.A. de Bruyn (N-Wes)
Adviseur	:	Prof. J.M. Vorster

3.4.5 APPèLKOMMISSIE 4

Opdrag	:	A6.1.2, A6.1.3, AA6.1.14, AA6.1.17
Vergaderplek	:	TSP Klaskamer 2
Voorsitter	:	Ds. F.J. du T. Lessing
Skriba	:	Ds. R.G. Aucamp
Adjunk-skriba	:	Ds. P.J. Venter
Lede	:	Ds. G.S. Kruger
		Oudle. A.D. Goede (OT), C.L. Botha (OT), A.L. Kendall (OT)
Adviseur	:	Prof. J.M. Vorster

3.4.6 KERKREGTELIK 1

Opdrag	:	AA14,4 AA14.5, AA14.6, AA14.8, AA14.9
Vergaderplek	:	TSP Klaskamer 3
Voorsitter	:	Dr. P. Krüger
Skriba	:	Ds. R.M. van der Merwe
Adjunk-skriba	:	Ds. H.P.M. van Rhyn
Lede	:	Ds. F.P. Kruger
		Oudle. C.S.W. Buys (O-N), A.T. Dreyer (OT), M.R. Reinecke (S)
Adviseur	:	Prof. A. le R. du Plooy

3.4.7 KERKREGTELIK 2

Opdrag	:	A14.1, A14.2, A14.3, AA14.2, AA14.3, AA14.7
Vergaderplek	:	TSP Lokaal G14
Voorsitter	:	Ds. S.A. Cilliers
Skriba	:	Ds. R.L. Vorster
Adjunk-skriba	:	Ds. J.E. Franck
Lede	:	Oudle. L. van der Walt (S), M.C. Erasmus (W), N.G. Sarkady (NT)
Adviseur	:	Prof. J.M. Vorster

3.4.8 BENOEMING VAN DEPUTATE

Opdrag	:	A20.1, AA11.2, kyk vorige Sinode opdragte
Vergaderplek	:	Konsistorie
Voorsitter	:	Dr. D.J.S. Steyn
Skriba	:	Ds. J. Malan
Adjunk-skriba	:	Ds. P. Venter

Lede	:	Di. R.J.P. du Plessis, P.J.L. du Plessis, J.D. Venter, A.H. Klopper Oudle. A. Hibbert (N), N.J. van Deventer (W), A.J. van der Walt (N-Wes), J.P. Esterhuyse (Nam), I.J. Lessing, (S), A. Coetzee (O-N), F.R.P. Schutte (OT)

3.4.9 BYBELVERSPREIDING EN –VERTALING

Opdrag	:	A7.1, A7.2, A7.3, A7.4, AA7.2, AA7.5
Vergaderplek	:	TSP Seminaarlokaal
Voorsitter	:	Dr. F. van der Walt
Skriba	:	Dr. W.C. Vergeer
Adjunk-skriba	:	Ds. A.B. van der Walt
Lede	:	Dr. A.G.S. Venter Oudle. L.H. Verhoef (N), P.E. van Zyl (W), F.C. Jordaan (O-N), Lvan der Merwe (OT)
Adviseur	:	Prof. G.J.C. Jordaan

3.4.10 DIAKONALE SAKE

Opdrag	:	A8.1, A18.2, AA8.1, AA8.2, AA18.2
Vergaderplek	:	Kerk - hoofportaal
Voorsitter	:	Dr. S.J. van der Walt
Skriba	:	Ds. M.P. Fourie
Adjunk-skriba	:	Ds. C.S. Grobler
Lede	:	Ds. L.D. Aucamp Oudle. S.R. Kruger (N-Wes), K.J. van der Berg (S), J.E. Kotze (O-N), C.J.S. van der Linde (OT)

3.4.11 EMERITAATSVERSORGING

Opdrag	:	A10.1, AA10.1, AA10.2, AA10.3
Vergaderplek	:	Redakteurskantoor P2
Voorsitter	:	Ds. C.J.H. Breed
Skriba	:	Ds. T.C. de Klerk
Adjunk-skriba	:	Ds. A.P. Kruger
Lede	:	Oudle. D.F. du Toit (W), G.M.M. Erasmus (NT), A.J. Venter (N-Wes), J.M. Jooste (Nam)

3.4.12 EKUMENISITEIT

Opdrag	:	A9.1, A9.2, A9.3, AA9.1, AA9.2, AA9.3, AA9.4
Vergaderplek	:	Kerk – Klein moederskamer
Voorsitter	:	Dr. A.N. Helberg
Skriba	:	Ds. J.J. Cloete
Adjunk-skriba	:	Ds. B.R. Kingma
Lede	:	Oudle. H. Boersema OT), A.J. Roos (N-Wes), A.J. du Plessis (W), J.M. Earle (O-N)

3.4.13 FINANSIES

Opdrag	:	A11.1, A11.2, A13.1, AA11.1, AA11.2, AA11.4
Vergaderplek	:	Direkteur se kantoor
Voorsitter	:	Dr. J.L. Ras
Skriba	:	Ds. E.J. Tiemensma
Adjunk-skriba	:	Oudl. W.D. van der Walt (S)

Lede	:	Ds. W. Vogel Oudle. C.J.H. Wilsenach (W), C.J. du Plessis (O-N), F.D. Grobler (OT), A.J. du Plooy (Nam)

3.4.14 JEUG EN ONDERWYS

Opdrag	:	A12.1, A12.2, A12.3, A12.4, AA12.1, AA12.2, AA12.5
Vergaderplek	:	TSP Personeelkamer
Voorsitter	:	Dr. P.W. Bingle
Skriba	:	Ds. P.H. Fick
Adjunk-skriba	:	Ds. S.P. Venter
Lede	:	Ds. H.W. Schutte Oudle. C.R. Crous (O-N), W Grönum (W), D.J.P. Erasmus (NT), J.P. van Dyk (N-Wes)

3.4.15 LEERSTELLIG 1

Opdrag	:	A15.1, A15.6, AA15.1
Vergaderplek	:	Noord Kerksaal – klaskamer voor
Voorsitter	:	Drs. H. Dijkstra
Skriba	:	Dr. A.H. Bogaards
Adjunk-skriba	:	Ds. F.W. de Wet
Lede	:	Oudle. M.J. van Staden (OT), W.J. Snyman (N), N.P. Kruger (S), M.G. Smit (O-N)
Adviseur	:	Prof. J.H. van Wyk

3.4.16 LEERSTELLIG 2

Opdrag	:	A15.2, A15.3, AA5.19, AA15.10
Vergaderplek	:	Noord Kerksaal - Hoofsaal
Voorsitter	:	Dr. J.L. Venter
Skriba	:	Dr. G. Breed
Adjunk-skriba	:	Ds. N.W. Ligthelm
Lede	:	Ds. B.C.G. Fourie Oudle. H.H. Schutte (N-Wes), P.J. Snyman (W), M.J. du Plessis (S), J.P. Viljoen (NT)
Adviseur	:	Prof. F.P. Viljoen

3.4.17 LEERSTELLIG 3

Opdrag	:	A15.5, AA15.11, AA15.12
Vergaderplek	:	Noord Kerksaal - Sysaal
Voorsitter	:	Ds. S.D. Snyman
Skriba	:	Ds. J.A. Schutte
Adjunk-skriba	:	Ds. J.L. van der Schyff
Lede	:	Oudle. J.E. van der Merwe (W), N.J. Ranft (N-Wes), M.A.F. Kruger (OT), I.J. Knoesen (O-N)
Adviseur:		Prof. H.F. van Rooy

3.4.18 LEERSTELLIG 4

Opdrag	:	A15.4, A15.8
Vergaderplek	:	Noord Kerksaal – Agter verhoog
Voorsitter	:	Dr. N.P. Heystek
Skriba	:	Ds. F.J. van Deventer
Adjunk-skriba	:	Ds. P.K. Lourens

Lede	:	Ds. J. Lion-Cachet Oudle. A.J.J. Boshoff (O-N), M.J. du Plessis (NT), L.S. Lessing (O), J.S. Venter (S)
Adviseur	:	Prof. C.J.H. Venter

3.4.19 LITURGIES 1

Opdrag	:	A16.1, AA16.3, AA16.4
Vergaderplek	:	Noord Kerk - Moederskamer
Voorsitter	:	Dr. F.R.P. de Bruyn
Skriba	:	Ds. J.H. Cilliers
Adjunk-skriba	:	Ds. P.W.A. Mulder
Lede	:	Ds. S.J.M.S. Smit Oudle. Z. de Beer (NT), J. Jordaan (W), G.J. Swanepoel (S)
Adviseur	:	Prof. J.J.J. van Rensburg

3.4.20 LITURGIES 2

Opdrag	:	A16.2, AA16.2, AA16.5
Vergaderplek	:	Noord - Kerk
Voorsitter	:	Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)
Skriba	:	Ds. A.L. Coetzer
Adjunk-skriba	:	Ds. T. Kruger
Lede	:	Ds. J.L. Myburg Oudle. P.J.L. Terblanche (O-T), A. Horn (Nam), C.J.H. Steenkamp (NT)
Adviseur	:	Prof. B.J. de Klerk

3.4.21 PUBLIKASIES

Opdrag	:	A17.1, A17.2, A17.3, A17.4, A17.5, A17.6, A17.7, AA17.8, AA17.9, AA17.10
Vergaderplek	:	TSP Lokaal C14 oorkant Teekamer
Voorsitter	:	Ds. J.P. Bingle
Skriba	:	Dr. J. le Roux
Adjunk-skriba	:	Ds. D.J. Malan
Lede	:	Ds. A.H. Mulder Oudle. C. Lohann (S), J. Muller (OT), H.L. van Rooy (O-N)

3.4.22 SAMELEWING 1

Opdrag	:	A18.1, A18.3, AA18.1, AA18.3, AA18.5
Vergaderplek	:	TSP Teekamer
Voorsitter	:	Dr. W.C. Opperman
Skriba	:	Dr. H.G. Stoker
Adjunk-skriba	:	Ds. D. Laufs
Lede	:	Dr. I.L. Bekker Oudle. W. Grove (S), C.J. Kruger (W), P.I. Labuschagne (Nam), C.J.W. de Wet (S)
Adviseur	:	Prof. F. Denkema

3.4.23 SAMELEWING 2

Opdrag	:	A18.4, AA18.6, AA18.7
Vergaderplek	:	Kerk - Syvoorportaal
Voorsitter	:	Dr. T. van der Walt
Skriba	:	Ds. G.J. van Wyk

Adjunk-skriba	:	Ds. D.J. Bakker
Lede	:	Dr. .M.J. du Plessis, ds. J.H. Grobler Oudle. J. Aucamp (NT), D.E. Bisschoff (W), P.J.A. van Zyl (N-Wes), J.D. van der Walt (S)
Adviseur	:	Prof. F. Denkema

3.4.24 TEOLOGIESE SKOOL

Opdrag	:	A19.1, AA19.1
Vergaderplek	:	TSP Senaatsaal
Voorsitter	:	Ds. G.N.V. Botha
Skriba	:	Ds. P.J. van der Walt (Witrivier)
Adjunk-skriba	:	Dr. G.C.P. Labuscagne
Lede	:	Oudle. B.D.C. Snyman (N-Wes), J.W. du Plessis (S), A. Opperman (W), D.J.W. Viljoen (O-N), P.J.P. Kruger (W),

3.4.25 PERS EN INTERNETKOMMISSIE

Opdrag:	:	
Vergaderplek	:	Sinodesaal, Persbank
Voorsitter	:	Ds. H.F. van Wyk
Skriba	:	Ds. I.W. Ferreria
Adjunk-skriba	:	Oudl. G.L. Verhoef (OT)

11. RAPPORT VAN DIE PERSKOMMISSIE (Artt.120, 257)

A. Ds. H.F. van Wyk stel die Rapport van die Perskommissie.

B. EERSTE RAPPORT

1. Radio Sonder Grense (RSG)

Gesprek is gevoer met Francois Theron. Hy is die programleier van die Kerknuusprogram wat elke Sondagoggend op RSG uitgesaai word. Hy het die behoefte uitgespreek om teen die tweede week van die Sinode ‘n gesprek te voer met ‘n lid of lede van die Moderamen. ‘n Opname van hierdie gesprek sal dan tydens die Kerknuusprogram van die die volgende Sondagoggend uitgesaai word. (Die moontlikheid om ook ‘n gesprek op te neem vir die program “Oop Gesprek” wat tydens Sondagaande uitgesaai word, sal ook nog ondersoek word).

Besluit: Goedgekeur.

2. Radio Sonder Grense (RSG)

Gesprek is gevoer met Heini Odendaal. Hy stel die Kerknuusprogram saam wat elke oggend om 10:00 oor RSG uitgesaai word. ‘n Eerste persberig is reeds aan hom deurgegee (Bylae 1).

Besluit: Goedgekeur.

3. Radio Pretoria

‘n Eerste persberig (Bylae 1) is reeds aan Radio Pretoria versend.

Besluit: Goedgekeur.

4. Internet

Ds. Hennie van Wyk is besig om inligting van die Sinode vir die Internet gereed te kry.

Besluit: Goedgekeur.

5. Die Beeld

Berigte wat aan bogenoemdes gestuur word, word ook skriftelik aan Neels Jackson (Die Beeld) deurgegee.

Besluit: Goedgekeur.

Persverklaring 10 Januarie 2000

Die Nasionale Sinode van die Gerefomeerde Kerke in Suid-Afrika is vanaf Maandag 10 Januarie 2000, vir ongeveer twee weke, in Potchefstroom in sitting.

Die volgende predikante is tot die Moderamen verkies:
Dr. Jan Ras van die Gereformeerde Kerk Kimberley, as Voorsitter.
Dr. Tjaart van der Walt (Wapadrant) as Ondervoorsitter.
Dr. Neels Smit (Noordbrug) as Skriba.
Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem) as Adjunk-skriba.

Afgevaardigdes vanuit die Gereformeerde Kerke van Australië, Nieu-Seeland en Botswana is reeds by die vergadering teenwoordig. Nog buitelandse afgevaardigdes word verwag.

Die Sinode het kennis geneem dat na 'n vergadering van die Breë Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom, ds. P.P. (Paul) Krüger (Gereformeerde Kerk Brackenhof) as professor vir Ou Testament beroep is.

Die Sinode het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van ds. P.J.W.S. (Flip) van der Westhuizen van die Gereformeerde Kerk Windhoek. Deur die genade van die Here het hy pas, na ongeveer 22 jaar, die vertaling van die Bybel in Kung-Boesman (op klankkassette) voltooi. Sy eggenote Adriana en sy kinders Gerhardt, Lientjie en Philippus en hulle familie, word die krag en die troos van die Here toegebid.
Besluit: Goedgekeur.

C. TWEEDE RAPPORT

1. Opdrag
1.1 Tree op as Persbeampte en stuur berigte deur aan die pers.
1.2 Radio onderhoude het plaasgevind
1.3 Die Sinode op Internet bekend te stel.
Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering
2.1 Persberigte is deurgestuur aan:
CNW Info
Radio en Pretoria
Reformatorise Dagblad
Alel predikante op die e-poslys van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Western Record
Beeld
Rapport
Besluit: Goedgekeur.

2.2 Radio onderhoude
Dr. Jan Ras het met Radio sonder grense gepraat
Dr. Jan Venter het met Punt Radio gepraat
Ds. Sarel Cilliers het met Radio Pretoria gepraat
Dr. Tjaart van der Walt praat op Kollig op die Kerk eerskomende Sondag
Dr. Klasie Heystek praat oor Radio Kansel
Besluit: Goedgekeur.

2.3 Internet

Die volle Agenda en Aanvullende Agenda (uitgesonder Appèlle) is op die Internet geplaas.
Persverklarings is ook op die blad geplaas.
Foto's asook ietsie oor die humor op die Sinode is geplaas.
Ongeveer 1 500 mense het die tuisblad besoek vir die duur van die Sinode.

Besluit: Goedgekeur.

3. Aanbevelings

3.1 Daar word op die volgende Sinode weer voorsiening gemaak vir die plasing van die Agenda en persverklarings op die Internet.

Besluit: Goedgekeur.